BOEKSTORIES

Boekgesprekke

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 45 MIN. ▪ GRATIS
ATKV-BOEKE-OASE BY EXCLUSIVE BOOKS

SAAMGESTEL DEUR **Eben Pienaar**

Die KKNK se Boekstories bied daaglikse insig in die skryfprosesse en denkwyses van verskeie skrywers. Kom leer meer van en ontmoet jou gunstelingskrywers hier.

Karooseun van Vosburg

MET **Franklin Sonn** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

In sy outobiografie vertel Franklin Sonn, struggle-ikoon en oudambassadeur na Amerika, van sy grootwordjare in Queenstown in die Oos-Kaap nadat hy in 1939 in Vosburg in die Karoo gebore is. Franklin was onder meer onderwyser, skoolinspekteur, skoolhoof van die Sekondêre Skool Spes Bona in Athlone, rektor van die destydse Skiereiland Technikon en president van die destydse Kaaplandse Professionele Onderwysunie (KPO). Hy het 'n leidende rol teen apartheid gespeel en hy is in 1995 deur pres. Nelson Mandela as Suid-Afrika se eerste swart ambassadeur na Amerika aangewys. Franklin was van 2002 tot 2009 die kanselier van die Universiteit van die Vrystaat en het meer as 'n dosyn eredoktorsgrade ontvang.

1 APRIL 10:30



Die Bondelswarts van Namaland

MET **Jeremy Vearey** GESPREKSLEIER **Kirby van der Merwe**



In die epiese oorlogsroman *Rooisand* vertel die voormalige baasspeurder Jeremy Vearey die verhaal van Dirk Aruseb wat as 17-jarige uit die weeshuis gehaal is om by die Bondelswarts aan te sluit. Dirk kon nie wag om saam met kapt. Jakob Marengo die Schutztruppe te verower nie, maar by Schansvlakte, diep in Namaland, begin die eerste van sy lewenslesse: Wees nederig, wees geduldig, wees genadig. Vind jou eland, tem jou janfiskaal. Vearey se eerste roman speel af van 1904 tot 1922, toe duisende Bondelswarts oplaas deur Jan Smuts se vegvliegtuie uitgedelg is. Die storie strek van Tsumeb tot Upington, van Windhuk se interneringskampe tot die droë rivierlope van die skeurvallei van die Visrivier. En Dirk leer dat die vryheidstryd vir die Bondelswarts oor meer gaan as net 'n bloedsgevoelte vir Namaland, die gelofteland wat ten alle koste beskerm moet word.

1 APRIL 12:00

Geroep vir die lewe se soet en suur

MET **Farren Cloete** GESPREKSLEIER **Stefaans Coetzee**

Die dominee van die pienk kerk op Lambertsbaai se naam is Farren Cloete. Sy is 'n TikTok-ster en smaakmaker wat op haar eie kaalvuismanier gehore met vertellings van die soet en die suur in haar lewe bekoor. Farren is geroep vir 'n tyd soos hierdie; om mense en veral vroue te inspireer. Haar boodskap? Dit maak nie saak wat mense sê nie; as God jou geroep het, kan geen mens jou keer nie en hoef jy aan niemand rekenskap te gee nie. Farren meen ons moet ophou dink ons moet ander gelukkig maak en eerder fokus op wat God van ons wil hê. Dit maak nie saak of ons gereed of opgewasse vir ons roeping voel nie; God is by ons en Hy roep ons vir 'n tyd soos hierdie.

1 APRIL 14:30

StorieKos en die sjokolade-affair

MET **Frik de Jager en Marita Lamprecht**

In *StorieKos* nooi Frik de Jager jou uit om saam met hom op reis te gaan van die Karoo tot in Kaïro en van Rusland tot in Rome vir 'n verhaal waarin hy sy passie vir plattelandse kos deel. Frik het byna vier dekades lank versamel aan resepte en stories van mense oor die wêreld heen wat hom by hul huise en harte ingenooi het om geheime familieresepte te verklap. Vir poeding is daar Marita Lamprecht se memoires *My affair met sjokolade*; die verhaal van 'n middeljarige vrou van Oudtshoorn wat op 'n dag haar eentonige kantoorwerk bedank om 'n chocolatier te word. Sy vertel van die opdraande pad wat sy gestap het om by die wêreld se top-sjokolademakers in België te leer oor 'n wêreld wat jou intrek in die gesmelte, blink voue van sjokolade en 'n euforie van geure.

1 APRIL 16:00

Naam Van Dier Dorp

MET **Gielie Hoffman** GESPREKSLEIER **Cintaine Schutte**

Sosiale media is ons hedendaagse joernale. Facebook, Instagram, Twitter en nou ook TikTok. Dis waar ons versamel, opteken, vaslê en dokumenteer. Gielie Hoffman deel in *Naam Van Dier Dorp* 'n keur van sy beste plasings wat saam 'n storie vertel oor mense en plekke waar ons die skanse laat sak. Reeds van kindsbeen af is hy nuuskierig oor ander mense se telefoonboekies, resepte-lêers, dagboeke en hoe hulle dinge rangskik. Lukrake goed wat tog met mekaar verbind kan word. Soos die speletjie van destyds, vang ons inligting vas en skep ons stelsels om sin te maak van hierdie wêreld. Gielie lig die sluier en nooi jou by syne in.

2 APRIL 10:30

Drie grotes besin

2 APRIL 12:00

MET **Ingrid Winterbach, Etienne van Heerden en Kirby van der Merwe** GESPREKSLEIER **Daniel Hugo**

Drie literêre reuse gesels oor hul jongste werk en wonder oor die waarde en relevansie van boekpryse in Suid-Afrika. Bekroonde digter en vertaler Daniel Hugo pols Ingrid Winterbach (*Onrus op Steynshoop*), Etienne van Heerden (*Gebeente*) en Kirby van der Merwe (*Eugene*), elk met ’n string pryse op hul kerfstok, oor hul gevoelens oor eerbewyse, lofbetuigings en akkolades. Maak pryse vir letterkunde werklik ’n verskil?



Van verwerping tot genesing

MET **Johnny Davids** GESPREKSLEIER **Hannes van Wyk**

In sy boek *Boytjie* skryf die televisieaanbieder Johnny Davids oor hoe sy ma hom as kind by sy dowe ouma en haar seun in Kleinvlei gaan aflaai het. Hier moes Johnny onder sy oom se vuiste deurloop totdat hy op ’n dag besluit het genoeg is genoeg; hy spring op ’n trein na Wellington. Hier by die Baron-gesin ervaar hy vir die eerste keer liefde in ’n warm huisomgewing en begin hy geleidelik heel word. Die gesin help hom om sy pa se familie in Walvisbaai te kontak, en in Walvisbaai leer hy om mens te wees. Johnny wen uiteindelik ’n sangkompetisie – die deurbraak in sy loopbaan. Dié inspirerende pa van drie is vandag ’n bekende gesig op die kassie, maar sy pad na sukses was nie sonder struikelblokke nie.

2 APRIL 14:30



Stories en avonture

MET **Leon Coetzee en Stephan Henrico**

Leon Coetzee was 60 toe hy die eerste keer op 'n motorfiets geklim het. Ná 'n lang loopbaan as prokureur begin 'n splinternuwe lewensfase en ontdek hy die vryheid wat die langpad bied. *Modder, klei en water* vertel die storie van die bondgenootskap tussen 'n man en sy motorfiets en hoe sy BMW-avontuurmotorfietse hom uit ou, geykte denkpatrone help wegbreek het. Stephan Henrico is 'n beroepsoldaat en sedert 2017 'n trotse inwoner van die Vrye Republiek van Volstruisville en Oudtshoorn waar hy as offisier in bevel van die Health Centre South Coast van die Suid-Afrikaanse Weermag gestasioneer is. In *Verhale uit Volstruisville* vertel hy met humor van die plekke waar hy al gewoon het, eienaardige kampeerbure aan die Weskus, die Olifantshoek-kerkkoor se moeite om noot te hou en die dag toe Lohatla se rugbyspanne Mafikeng se reuse kafgedraf het. Dit is ook 'n joernaal van sy gesinslewe, sy loopbaan as soldaat en sy perspektiewe op die lewe.

2 APRIL 16:00

Die laaste dae

MET **Marié Heese** GESPREKSLEIER **Daniel Hugo**

Menige voormalige hoërskoolleerling sal haar onthou as die skrywer van die voorgeskrewe boek *Die uurwerk kantel* wat in 1976 verskyn het en intussen as klassieke werk herdruk is. Marié Heese is self 'n kenner op die gebied van onthou, en 'n meester van die historiese roman. In haar jongste boek, *Die laaste dae*, delf sy diep in die geskiedenis om die mense van Pompeii en Herculaneum in die jaar 79 n.C. aan die woord te stel. 'n Eenvoudige bokwagter besef dat Vesuvius weer gaan uitbars, maar die ander inwoners van die twee stede leef in ontkenning totdat die onvermydelike uiteindelik gebeur. Daniel Hugo, haar uitgewer, gesels met haar oor geskiedenis, letterkunde en die gawe om te kan onthou.

3 APRIL 10:30

Om die tafel: Die hartklop van die huis

MET **Elmarie Berry**
GESPREKSLEIER **Marliza van den Berg**

Kom geniet ’n lipleklekker middagete saam met kulinêre voorligter en smaakmaker Elmarie Berry, skrywer van *The Table: The Heartbeat of the Home*. Dié kookboek is geskoei op Elmarie se Libanese ouma se resepte, en kombineer vrolike Suid-Afrikaanse geure met die ryk erfenis van Midde-Oosterse cuisine. Dit is ’n samesmelting van tradisie en vernuwing, van informele etes en groot feesmale – met fantastiese foto’s. Al die resepte het een ding in gemeen: Dit inspireer onvergeetlike oomblikke van samesyn met geliefdes om die etenstafel.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 120 MIN. ▪ R350
VENUE

3 APRIL 12:00

Kalahari-waarheid

MET **Belinda Kruiper en Mvula Yoyo**

Kalahari-waarheid is ’n verwerkte vertaling van *Kalahari Rainsong* wat handel oor die wedervaringe van Belinda Kruiper wat in 1997 begin werk het by die ontvangstoonbank van die Kgalagadi-oorgrenspark waar sy die San se vertroue gewen het en hulle met grondeise bygestaan het. Sy vertel kampvuurstories oor leeus, jakkalse en nimmereindigende duine aan Mvula Yoyo, ’n boorling van Victoria-Wes in die Noord-Kaap. Mvula is die voormalige transformasiebestuurder van Mediclinic Suidelike Afrika en ’n voormalige dosent aan die Fort Hare-Universiteit. Hy dien tans op die direksie van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.

3 APRIL 16:00





Ek is nog hier

MET **Ian Roberts** GESPREKSLEIER **Danie Marais**

In sy outobiografie *Is dit jý?* skryf die veteraanakteur Ian Roberts oor sy loopbaan wat strek van Kaapstad tot Los Angeles; van Shakespeare-teaterproduksies tot die Oscar-wennerfliek *Tsotsi*. Sy lewensverhaal is ’n meesterklas in die kuns van toneelspel. Hy was al die Bittereinder Sloet Steenkamp in *Arende* en Boet in die gewilde Castrol-advertensies, en in die fleur van die Afrikaanse televisie- en rolprentbedryf het hy saam met legendariese regisseurs soos Manie van Rensburg en Dirk de Villiers gewerk. Dié briljante storieverteller, met ’n stout humorsin, gesels met digter Danie Marais en laat die aap uit die mou oor wat alles agter die skerms op rolprentstelle gebeur.

4 APRIL 10:30

Spannende misdaadrillers van die Suid-Kaap tot in Hongarye

MET **Chris Karsten en Constant van der Merwe** GESPREKSLEIER **Stefaans Coetzee**

In Chris Karsten se jongste boek, *Die keiser se duim*, is twee private ondersoekers, Ella Neser en Lou Pepler, onderskeidelik op pad na België (romantiese redes) en Hongarye (om twee vermiste wynboere op te spoor). Iewers duskant die Donaurivier regeer daar ’n mafioso met die mag van ’n keiser. En dié kant van die Donau waak Kasca die Eend, ná etlike jare steeds op soek na sy liewe sus sodat Mamsie vir eens en vir altyd tot rus kan kom.
In Constant van der Merwe se *Ontvoer* sien die oudpolisieman George Ekermans hoe ’n meisie in ’n bakkie ingedwing word. Hy sit die ontvoerder onmiddellik agterna, maar die man en die meisie verdwyn die nag in en al leidraad is ’n eienaardige goue hangertjie wat die meisie laat val het…

4 APRIL 12:00

RAU TEM en wat kon gewees het

MET **Gert Coetzee** GESPREKSLEIER **Daniel Hugo**

Gert Coetzee, gesoute joernalis en voormalige redakteur van *Volksblad,* gesels oor sy roman *Lens* wat tydens die politieke oorgangstyd in Suid-Afrika (1988-1990) afspeel. Die hoofkarakter, Chris Meyer, is 'n jong joernalis wie se ouers 'n dekade tevore in 'n motorongeluk dood is. Sy pa was 'n polities verligte raadgewer vir die destydse regering. Chris probeer die raaiselagtige omstandighede van die ongeluk ontrafel, en ontdek dat daar 'n verband is met die dubbele moord op dr. Robert en Jeanne-Cora Smit van 1977. Die woorde "RAU TEM" wat teen die muur van die moordhuis geskryf was, speel 'n sleutelrol in die verhaal.

4 APRIL 14:30

Tien jaar van vryheid: Stories uit die tronk

MET **Stefaans Coetzee** • GESPREKSLEIER **Hannes van Wyk**

Ná 23 jaar in die tronk kan Roux Steyn moontlik op parool vrygelaat word, maar daarvoor moet hy een jaar sonder geweld skoonloop. Roux het egter reeds drie maal die "anger management"-kursus gefaal en boonop is hy 'n bendeleier en dwelmsmous. Hy het 'n magdom vyande wat nie kan wag om 'n mes in sy niere te plant nie. Die tronk is nie 'n plek vir teddiebere nie, maar daar is in elke monster ook 'n mens. In 2025 vier Stefaans Coetzee tien jaar sedert hy uit die tronk vrygelaat is. Die skrywer van *Onbeskryflike genade* vertel in *sel ses* ontnugterende stories oor die ongenaakbare lewe in die tronk. Maar hoewel Stefaans self 18 jaar in 13 tronke deurgebring het, is hierdie bundel samelopende kortverhale fiktief en slegs geïnspireer deur sy eie tyd in aanhouding. Stefaans gesels oor sy lewe, sy jongste boek en oor tien jaar van vryheid.

4 APRIL 16:00

Tannie Maria's Recipes to ~~Die~~ Live For

MET **Sally Andrew**
GESPREKSLEIER **Nadine Petrick**

Tannie Maria, almal se gunsteling-amateurspeurder en troostante, het uiteindelik gehoor gegee aan versoeke van haar aanhangers oor die land heen en haar eerste kookboek gepubliseer. Sally Andrew, skrywer van *Recipes for Love and Murder, The Satanic Mechanic, Death on the Limpopo* en *The Milk Tart Murders*, vertel meer oor *Recipes to ~~Die~~ Live For*, 'n keur van smulgoed uit haar vier moordraaiselromans, asook 'n paar prikkelende nuwe resepte. Van die meer tradisionele Karoo-lamspastei, melktert en koeksisters tot haar meer ongewone spekboomroomys – Tannie Maria het iets vir elke smaak. Verversings is beskikbaar.

6 APRIL 12:00

Digtersparadys huldig Breyten Breytenbach

MET **Antjie Krog, Bibi Slippers, Riku Lätti, Danie Marais, Tom Dreyer en Siphokazi Jonas**

Antjie Krog bring hulde aan die volksdigter Breyten Breytenbach en laat sy gedigte leef. Danie Marais (*Ek en jy bestaan nie*), Tom Dreyer (*Nou in infrarooi*), Bibi Slippers (*Soekenjin*) en Siphokazi Jonas (*Weeping Becomes a River*) lees uit hul jongste digbundels voor. Die sanger-liedjieskrywer en rolprentmaker Riku Lätti sorg vir musiek. Sy poësie-debuut, *Taboek*, het in 2024 verskyn.

AFRIKAANS • GESIN • 90 MIN. • GRATIS
NETWERK24-FEESKAFEE

4 APRIL 17:30

’n Vrou staan op

5 APRIL 10:30

MET **Ilse Verster** GESPREKSLEIER **Marliza van den Berg**

So lyk ’n vrou, Ilse Verster se hartroerende verhaal oor Esli se lewe van mishandeling deur ’n gewelddadige eggenoot, het lesers in 2022 geskok en aangegryp. *’n Vrou staan op* is die vervolg op die blitsverkoper en vertel van die nuwe hoofstuk in Esli se lewe. Ná ’n uitmergelende egskeiding wat haar finansieel byna ruïneer, reis Esli Kaap toe om perspektief te kry op ’n lewe waarin sy nie meer ’n slagoffer is nie. Dan gebeur daar ’n wonderwerk. Sy ontmoet iemand, en hulle besluit om te trou. Uiteindelik is die geluk, vrede en veiligheid waarna sy haar lewe lank gehunker het vir Esli beskore. Máár haar stryd is nog lank nie verby nie. Ilse deel haar ervarings van die moets en moenies in die proses na heelwording.

Broken to Heal

5 APRIL 12:00

MET **Alistair Izobell** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Veertig jaar lank het die vermaaklikheidskunstenaar Alistair Izobell verhoë aan die brand gedans en vir glimlagte op die gesigte van gehoorlede oor die land heen gesorg. Maar agter die skerms, weg van die liggies, het Alistair met donker gedagtes en emosies geworstel. ’n Selfdoodpoging in September 2023 het hom uiteindelik geforseer om sy gemoedstryd te konfronteer, en só begin sy reis na genesing; ’n verhaal van persoonlike groei wat hy in sy boek *Broken to Heal* vertel, in die hoop om ander gebroke mans te help.







Meesterskrywers: Antjie Krog en Wilma Stockenström

MET **Louise Viljoen en Ronel Foster**
GESPREKSLEIER **Karen de Wet**

Vyf en vyftig jaar gelede, in 1970, debuteer twee digters wie se bundels opslae maak. Voorlopers en baanbrekers van hul generasie. Die ouderdomsverskil tussen hulle is byna twintig jaar: Wilma Stockenström (geb. 1933) en Antjie Krog (geb. 1952). Albei skrywers publiseer in verskillende genres en verander die wêreld van die Afrikaanse literatuur. Albei het meermale die prestigeryke Hertzogprys verower. Nou is daar twee splinternuwe boeke oor hierdie twee formidabele skrywers. Karen de Wet gesels met die twee redakteurs van die boeke – met Louise Viljoen oor *Antjie Krog: 'n Ondersoekte lewe* en met Ronel Foster oor *Wilma Stockenström: Met my wysvingertop*. Die boeke is deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsreeks vir Hertzogpryswenners. Die feeskunstenaar, Henk Serfontein, se uitstalling, *Die stomme aarde*, is geïnspireer deur die ekopoësie en klipgedigte van Stockenström. Kom gesels saam oor dié gedugte twee vroue se werk en die insigte oor hulle in die boeke.

6 APRIL 10:30